# KLEIN KAROO VOETSLAANKLUB VERSLAG

# VENSTERBERG DAGSTAP

# 02 AUGUSTUS 2025

Google Earth is nogal 'n handige hulpmiddel wanneer 'n mens 'n staptoer wat jy nog nie gestap het nie op die program sit en jy vir voornemende stappers die nodige inligting moet gee wat hulle kan gebruik om te besluit of hulle die spesifieke staptoer kan en wil doen (dit wil sê, as hulle die uiteindelike program of e-pos met die inligting lees om wel 'n sinvolle ingeligte besluit te neem). Google Earth wys byvoorbeeld vir jou hoe hoog bo seevlak die beginpunt en die eindpunt van die roete asook ander hoogtepunte en laagtepunte op die roete bo seevlak is, waarvolgens jy kan uitwerk hoeveel meter bo seevlak jy gaan styg of daal. Saam met die afstand wat jy op Google Earth kan uitwerk, kan jy die gradiënt en die moeilikheidsgraad van die stap min of meer bepaal. Ander bronne van inligting is ander stappers wat reeds die roete gestap het, en dan natuurlik kaarte, artikels ens. (as hulle bestaan). So was dit met Vensterberg.

Die Saterdagoggend 09:00 het 14 stappers by Sputnik in die Outeniqua-pas bymekaargekom om Vensterberg (in totaal maar ongeveer 5.5 km heen en terug) aan te durf. Hoewel dit mooiweer was met nêrens 'n wolkie in sig nie, was dit koelerig en almal was gepas geklee in die nodige warm klere.






*VLNR: Deon Coleske, Annelies Fourie, Frans Kalp, Alet van Rensburg, Nicky Roux, Dawn Trevelyan, Arend Brink, Jolinda Viljoen, Ludwig Schnettler, Suezette Smit, Anrie Esterhuyse, Marina Kühn, Kruge Roeloffze. Foto: Danie Steyl (Ons doelwit was die hoogste punt waar die geel kruisie is)*

Met die kenmerkende ligte luim, grappe en geskerts, wat kenmerkend van ons klub se entoesiastiese lede met hulle positiewe ingesteldheid is, het ons die berg bestyg. Die voetpad teen die berg op is 'n goeie mengsel van steil, baie steil en platter gedeeltes, asook dele waar

ʼn mens entjies moet klouter teen rotse op en af en waar die mans die vrouens moes help. Kortom, die roete bied genoeg vir alle stappers om nie te gou verveeld te raak nie!




Die roete bied pragtige uitsigte in alle rigtings: suidwaarts oor  vanaf Mosselbaai tot by Wildernis, aan die oostekant die Outeniqua-pas, Georgepiek  enCradockpiek, noordwaarts oor die Klein karoo en die Swartberge, en weswaarts oor die Hopsvallei en die Outeniquaberge


*Uitsigte rondom en die venster van Vensterberg.*

So het ons nog ʼn genotvolle herinnering gemaak, en tevrede huiswaarts gekeer. Dankie, almal wat saamgestap het om dit ʼn lekker ervaring te maak!

Tot volgende keer!

**Danie Steyl**